



GENERALE MISSIVE

Nuusbrief van die Stigting VOC 2/21
Newsletter of the VOC Foundation

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is as sulks geregistreer by Stad Kaapstad, EWK en SAEHA en is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is registered with the City of Cape Town, HWC and SAHRA and is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa. **Internet:** www.kaap-voc.org. **E-pos/E-mail:** vocinfo@voc-kaap.org **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, 071-622-5792, e-pos: rodecb@icloud.com . **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** Nedbank, Somerset-Wes. Rek.no. 1145512305. Rek. naam: 'Stigting VOC Foundation.'

Welaen vrunden!

Van die Redaksie

Ons Stigting se 25ste Algemene Jaarvergadering het op Saterdag, 10 April 2021 by SASNEV in Pinelands plaasgevind. As gevolg van Covid was die fisiese bywoning laag, en onder die spesiale omstandighede moes ons die kworum vir die geleentheid opskort, maar daar was ook 'n aantal van ons lede wat met behulp van JITSI, aangelê deur ons tegniese komiteelid Jaco du Plessis, aan die vergadering kon deelneem. Sekretaris Rudolf het vooraf Covid-vorms per e-pos beskikbaar gemaak, en nuwe tweetalige volmagvorms vir gebruik by AJV ontwerp. Ons gasheer SASNEV het benewens die lokaal, klankapparaat, handreiniger en liggaamstemperatuurmeters (vaarwel, goeie ou 'koorspen!') voorsien. Die bestaande komitee is herkies, maar tot ons groot blydskap is twee nuwe komiteelede ook verkies, sodat ons nou weer agt lede is. Die drie jong lede, Jaco du Plessis, Dr Karen Jennings en Alex Giardini se belangstelling, entoesiasme, en vaardighede het dadelik vir 'n oplewing in aktiwiteit en hoop vir die Stigting se werksaamhede en toekoms gesorg. Op die foto's hier onder verskyn v.l.n.r. die komiteelede K. Jennings, L. Hattingh (Voorsitter) A. Giardini, D. Sleigh, R. Rode (Sekretaris), C. Wessel (Tesourier), J. du Plessis, P. Westra.



Vanjaar se tweede kwartaalike Komiteevergadering is op Saterdag 8 Mei op Somerset-Wes gehou. Danksy Jaco en sy JITSI- stelsel kon Karen uit Sao Paolo deelneem. Daar is onder andere besluit om - mits Covid dit toelaat - voor die einde van die jaar drie uitstappies vir ons lede aan te bied, naamlik na Martin Melck se plaas Kersefontein in die vroeë lente, na Kaap Agulhas (in samewerking met die Agulhas Historiese Vereniging) en vir ons afsluitingsete na die Nitida

kanonstelling buite Durbanville. Rudolf sal 'n opname maak om te sien watter belangstelling daar by ons lede is. 'n Paar ZOOM-lesings word ook beplan. Ons derde kwartaalike vergadering is beplan vir Saterdag 7 Augustus by Rudolf se huis in Kampsbaai.

Dankie aan al ons medewerkers vir hul bydraes tot hierdie Nuusbrief. Ons hoor graag van ons lesers ten opsigte van die inhoud. Bydraes is welkom.

Uit die Akademie

Daar het lank 'n beeld van die vroeë Kaap bestaan as synde 'n onbenullige, geïsoleerde en stowwerige klein buitepos van relatief min belang in die globaliserende wêreld van die sewentiende en agtiende eeu. Gelukkig is hierdie siening die afgelope geslag of wat deeglik omvergewerp, en besef ons vandag al hoe meer hoe sentraal die Kaap de Goede Hoop was in die ontwikkeling van 'n maritieme wêreld wat die Indiese en Atlantiese oseane met mekaar verbind het. Navorsing van die afgelope paar dekades het ons laat besef dat ook die mense hier – van hoë VOC-amptenare tot die burgery en selfs sommige vryswartes – wydverbreide kontak gehad het met die buitewêreld: nie net in hul persoonlike hoedanigheid met familieleden in die Noorde en die Ooste nie, maar ook handels- en patronaatskapnetwerke wat die Nederlandse koloniale wêreld dig met mekaar verweef het.

Nou kom daar 'n artikel wat wys dat hierdie netwerke selfs veel wyer as die Nederlandsprekende wêreld gestrek het, en wat aantoon dat die Kaap inderdaad deel was van 'n globale netwerk van verbindings. Hierdie stuk, met die enigszins intimerende titel, “Dutch trade and patronage networks as facilitators of transcontinental mobility in early modern Russia and the VOC Cape” (*Historia* 66, 1, Mei 2021), is geskryf deur G.J. Schutte – bekende kenner van die VOC-geskiedenis wat veel gedoen het om die aandeel van die Swellengrebel-familie in die Kaapse geskiedenis te boekstaaf – en B. Gorelik, wat onlangs 'n belangrike bydrae gelewer het tot ons kennis van die koloniale Kaap met sy versameling, *'An Entirely Different World': Russian Visitors to the Cape, 1797-1870* (Van Riebeeck-Vereniging, 2015).

Dit is bekend dat die senior-VOC amptenaar van die laat-sewentiende en vroeg-agtiende eeu, Johannes Swellengrebel (vader van die latere goewerneur, Hendrik Swellengrebel) van Russiese afkoms is. Maar hoe presies dit gekom het dat hy aan die Kaap beland het, is tot dusver nog nie behoorlik uitgepluis nie. Gorelik en Schutte het diepgaande navorsing hieroor in Russiese en Nederlandse argiewe gedoen en verskaf vir die eerste keer 'n duidelike beeld van Johannes Swellengrebel se afkoms en sy Russiese verbindings.

Johannes se vader, Heinrich Swellengrebel is in 1626 gebore in die hawestad Stettin, Pommere (vandag Szczecin in noordwes-Pole). Op 17-jarige ouderdom vertrek hy na Rusland waar hy deel word van die groot groep Westerse handelaars wat in Archangel gesetel was. Voor die stigting van St. Petersburg in 1703, was hierdie hawestad aan die Witsee die hoofseeverbinding tussen Rusland en Wes-Europa en was daar 'n groot groep Nederlanders en Duitsers wat verskeie handelshuise verteenwoordig het. Tipies van sulke emigrantgemeenskappe was daar ook heelwat ondertrouery en gevolglik is die Duitse Heinrich getroud met die dogter van Nederlanders, Susanna Ruts. Aanvanklik het Heinrich en sy vennote gekonsentreer op die invoer van Nederlandse wapentuig na Rusland, met die gevolg van die tsaar hom besonder goedgesind was, maar het later oorgegaan na handel in kledingstowwe. Heinrich het tot aan sy dood in Rusland gebly, maar beide sy broer en oudste seun, Balthasar, het hulle in Amsterdam gevestig waar hulle na die handelsbelange van hul familie omgesien het. Heinrich se tweede seun, Hendrik, het die Nederlandse vorm van sy naam gebruik en het, net soos sy vader, 'n belangrike rol vervul in die handels- en ander betrekkinge tussen Rusland en Nederland, veral

aan die hof van die Nederlandsesinde Pieter die Grote in die nuutgestigte St. Petersburg.

Johannes Swellengrebel was Heinrich se derde seun en het op 'n jong ouderdom die familie in nóg 'n belangrike hawestad, Hamburg, verteenwoordig voordat hy in 1690 Amsterdam toe getrek het. Dáár het sy oom en broer lank reeds goeie verhoudinge opgebou met Nicolaas Witsen, burgermeester van Amsterdam, een van die Here XVII (sy familie was trouens een van die stigters van die VOC) en 'n geleerde man met 'n intense belangstelling in die kultuur en etnografie van Rusland. Witsen is natuurlik bekend aan kenners van die vroeë Kaap danksy sy patronaatskap aan die Van der Stelfamilie (wat die Witsenberge in die Tulbaghvallei na hom vernoem het). Danksy Witsen se bemiddeling het Johannes in 1691 by die VOC aangesluit en na die Ooste vertrek. In 1697 vestig hy hom in die Kaap waar hy vinnig opgang gemaak het.

'n Groot deel van Gorelik en Schutte se betoog word gewy aan hoe verwantskap en patronaatskap in die Nederlandse ryk gewerk het. Hiervan is die Swellengrebelfamilie 'n goeie voorbeeld, deels danksy hul verbintenis met Nicolaas Witsen. So byvoorbeeld moes die VOC bewindhebbers spesiale toestemming verleen aan die Kaapse Politieke Raad om Johannes Swellengrebel as lid van die Raad aan te stel omdat hy weens sy Lutherse geloof daarvan uitgesluit was. Dit was waarskynlik slegs moontlik danksy Witsen se ondersteuning. Johannes het nog tot en met 1715 'n korrespondensie onderhou met beide Witsen in Amsterdam en Hendrik Swellengrebel in Rusland. Op hierdie wyse toon Gorelik en Schutte se innoverende stuk duidelik hoe ook die verafgeleë vroeë Kaap deel gevorm het van die globale interaksie in die Nederlandse wêreld, van die Ooste tot die Weste, die Noorde tot die Suide. – Prof. G. Groenewald. (Belangstellendes kan 'n kopie van die artikel aanvra by ggroenewald@uj.ac.za)

Expanding our reach: Social media, podcast and blog


The pandemic has brought home to us the fact that as annoying and invasive as social media and other technologies can sometimes feel, there is no doubt that these digital means of communication have been a valuable method for dealing with isolation during various stages of lockdown. Becoming increasingly aware of the way in which technology unites us, both locally and internationally, two of our new committee members – Alex Giardini and Karen Jennings – have decided to work on the way in which the VOC Foundation spreads and shares knowledge in the hopes of increasing our global community. Firstly, we are trying to be more active on Facebook and Instagram, posting at least once a week. We would love more followers: <https://www.facebook.com/StigtingVOC> and <https://www.instagram.com/vocfoundation/?hl=en>. Secondly, we have decided to start a podcast in which we will discuss various topics relating to the VOC and WIC world. Not only will we be looking at the good, the bad and the ugly of the VOC and WIC, but we will also be interviewing experts, having conversations with authors, and considering how the legacy of these two trading companies still impacts different people across the world to this day. There are lessons to be learned, people and objects and events to be discovered, and difficult discussions to be had. Finally, we will be introducing a monthly blog post on our website on a similar variety of topics.

We welcome any input or ideas. Please send us your photos, interesting facts, ideas regarding guests and topics, or if you'd like to write a blog post to Karen at catullusfan@gmail.com or Alex at alex@bergsoom.com. Though progress might be slow at first, we hope to be able to build up interest and involvement over time. – Dr K. Jennings.

Collectors Corner: Letter written in 1730 from Batavia to the Cape of Good Hope



Private letters to the Cape from Holland during the VOC period are scarce and letters sent between the Company's posts are much rarer. This letter was sent from Batavia to the Cape by Johannes Morgh who was the half brother of the recipient Arnoldus Coefoet. It consists of a cover (addressed envelope, top picture) and the final page of Morgh's letter. (bottom). A remarkable history will unfold.



The letter fortunately carries both the date of writing (16 October 1730) and the date of receipt (29 January 1731), showing that the journey by ship took about fourteen weeks. It was carried by a vessel in the return fleet of 1730, under the command of Admiral Willem ter Smitten.

Transcription of the top page: *'dese te behandige aan mons:r Arnoeldes Coefoet Tot Caabo'*

Vertically in margin: *'Ontvangen adij 29 Januarij 1731 van Batavia van Jann Morgh.'*

Translation of the top page: *'this to be handed to monsieur Arnoeldes Coefoet at the Cape'*

Vertically in margin: *Received this 29 January 1731 From Batavia from Jann Morgh*

Transcription of the bottom page: *'Saligmaeker Jesim Christiem Amen Verblijven u e diern tot u E dood. Batavia daatum den 16 October Anno 1730. Js Morgh van de Cabo de goede hoop.'*

Vertically: *'gelieft mij ook te sende teijne saade van alder hande soort en een fat met Caabse haaring en fogelstrijse pleijme en een fat met wijn voor geld en goede woorde'*

Translation of the bottom page:

'... saviour Jesus Christ Amen Remain your Honour's servant until your Honour's death Batavia dated 16 October Anno 1730 J:s Morgh of the Cape of Good Hope'

Vertically: *'please also send me garden seeds of all kinds and a vat of Cape herring and ostrich feathers and a vat of wine for money and kind words'*

Arnoldus Coefoet and Johannes Morgh were two of five half-brothers and two half-sisters who were born in the Company's slave lodge at the top of the Heerengracht to Christijn Pietersz van de Caab, and different nameless fathers. The children were born as slaves of the Company, valued at about one hundred rijksdalers each. Did the Company reward Christijn Pietersz for this gift or service?

Arnoldus and Johannes were baptised when young in the Dutch Reformed Church next to the lodge and attended Jan Smiesing's slave school in the lodge. At the age of 24 Johannes worked as a 'mandoor' or foreman among his fellow slaves. (Portuguese: *mandador* – overseer). Assets like intelligence, diligence and robust health probably earned him this promotion. By the time the letter shown here was written, both were freed slaves ('*vrijswarten*') with some burgher privileges. Johannes was freed in 1727 and sailed to Batavia on the ship *Elizabeth*, probably in the service of a senior VOC official. There he became a coachman to a private household and chose the surname of Morgh, but continued to use the toponymic '*van Caab de Goede Hoop*,' the place of his birth.

Arnoldus was married to the Company slave Anna Rebecca van Bengale by whom he had two daughters, when he was emancipated on 17 May 1731 by the Council of Policy, because he was baptised, of good conduct, spoke Dutch well, could earn a living by his trade (carpentry), and presented the Company with a healthy slave in his stead. [G.C. de Wet (red.): *Resolusies van die Politieke Raad, deel VIII*, p.158. Pretoria, 1975.] He died in 1735 and left several slaves in his inventory.

Prof. Susan Newton-King found 32 letters addressed to Johannes in the file of his deceased estate in the Cape Archives. [MOOC 10/4.143 WCARD] These letters were written between 1728 and 1733 by different people in Amsterdam, Batavia and Colombo. Somehow Johannes and Arnoldus had gained the power or ability to help friends and relatives overseas with goods and products and to send them as permitted cargo on the Company's ships, perhaps with the assistance of senior VOC officials.

Johannes would send clothes or rolls of textile and in his letters to Arnoldus ask for barrels of Cape herring, ostrich feathers, dried fruit, and red and white Constantia ('*Constansie*') wine, possibly for resale. The Company had a monopoly on all the wine that Constantia farm produced, and it was a difficult item for members of the public to obtain. Johannes often pleaded with Arnoldus to join him in Batavia, as he would learn nothing at the Cape. ('*van de boeren*')

Professor Newton-King noticed the many expressions of 'mutual respect (e.g. '*mons:r, u Edele*') and self-esteem' and of 'faith, love, loyalty, forbearance and respectability' among the correspondents, as they exchanged social news, or wrote about each others health and well-being. [S.Newton-King: *Family, friendship and survival among freed slaves*, in N. Worden (ed.): *Cape Town between East and West*, pp.153-175. Johannesburg, 2012.]

In R. Goldblatt: *Postmarks of the Cape of Good Hope* a letter from Johannes to the same addressee is illustrated, but with the name spelt Arnoldus Koevoed. The envelope illustrated contains the customary '*Met vriend die God geleide.*' (Carried by a friend, under God's protection.) [R.Goldblatt: *Postmarks of the Cape of Good Hope*, p.17. Cape Town, 1984.] - Dr Mike Barter (and at Mike's insistence: 'with a little help from the editor.')

Onder die loep: 'Ijzere Jan' Coen se oorlog teen Banda

Goewerneur-generaal Jan Pietersz Coen (1587-1629) word in moderne Nederland deur byvoorbeeld humaniste, anti- en post-koloniale beeldstormers, en moraliserende politiek-korrekte beskryf as barbaars en 'n volksmoordenaar met bloed aan sy hande. Daar was oproepe dat sy standbeeld wat soms rooi (*bloed!*) geverf word, in sy geboortestad Hoorn verwyder word van die kade waar dit geplaas is toe hy as 'n held beskou is. Die beskuldiging is hoofsaaklik die gevolg van sy oorlog teen die bewoners van die Banda-eilande in 1621. Die Banda-argipel was


die bron van die speserye neutmuskaat en foelie, maar die Bandanese was onwillig om met die VOC handel te dryf en Coen wou ten alle koste die monopolie en beheer oor die neut- en foeliehandel vir die VOC bekom. Hy het besluit op 'n verdelgingsoorlog om dit in die hande te kry. Die leër waarmee hy van Maart tot Mei 1621 teen die inlanders oorlog gevoer het was versterk met Japanese samurai. Duisende mans, vrouens en kinders is genadeloos vermoor, honderde is gevang om op die slawemark verkoop te word, ander het die berge in gevlug en van honger omgekom. Van die eilande se oorspronklike bevolking van 15 000 het maar 'n paar honderd oorleef. Die grond is verdeel onder perkeniers (gekontrakteerde vryburgers) wat voortaan die neutmuskaat en foelie aan die Kompanjie moes lewer.

Die Nederlandse tydskrif *Historisch Nieuwsblad* het in Desember 2009 in sy gereelde rubriek 'Stelling van die maand' die volgende stelling geplaas: '*Nederland moet zich schamen voor de daden van Jan Pieterszoon Coen*', en van hul lesers reaksie daarop gevra. In die volgende uitgawe is die openbare reaksie bekend gemaak. 71% het nie met die stelling saamgestem nie, 16% het die stelling beaam en 13% het geen mening uitgespreek nie. [*Historisch Nieuwsblad*, Jan. 2010, p.15.]

In 'n vorige *Generale Missive* het ek Prof. Piet Emmer se beskouing van historiese gebeure ('*Het verleden heeft (...) andere maatstaven en die moeten we ook gebruiken om dat verleden te beoordelen.*') bespreek. Met ander woorde: Kyk na verlede gebeure deur die oë van destyds, probeer om met die oordeel van destyds, en nie dié van vandag nie, oor daardie gebeure te dink.

Meer as 'n eeu gelede het W.W. Hunter: *History of British India* (deel I, p. 433) 'n besonder fyn gestelde (ek laat dit dus onvertaal) uitspraak oor Coen se optrede en nalatenskap geskryf: '*Coen stands out from among men of all European races in Asia of his day, a statesman of clearest vision and an administrator of the firmest hand, ... between the Portuguese Albuquerque in the sixteenth century and the French Dupleix or English Hastings in the eighteenth. But he could not rise above the morals of his time, and his strong personality during a double tenure of office impressed the stamp of a cruel age on the colonial system of his country. His crime, or his misfortune, was that he stereotyped in Dutch India the disregard for human suffering which brutalised Europe during the Thirty Years War.*' [NP van den Berg: *Uit der dagen der Compagnie*, pp. 384- 385.)

The Isolated Life of the Dutch on Deshima. Part 2



It is easy to imagine the lonely and frustrating existence that the VOC employees must have suffered on the island of Deshima. In 1659 Zacharias Wagenaer (later second Commander of the Cape), during his second stint as *opperhoofd* of the factory,¹ recounts in the *Dagregister* an

¹ By order of the shogunate, the *opperhoofd* could hold his position for only one year at a time, though he could do so multiple times.

incident which highlights the loneliness that individuals, particularly the young, must have experienced, but also the persisting Japanese fear of Christianity and the extent to which they continued to control Dutch movements.

Wagenaer relates that on the morning of 3 October, the *ondermeester* or junior surgeon, a young man named Marten Remeij, the son of a Dutch father and Chinese mother, recently arrived from Tayouan (Taiwan), was reported missing from his room. A note was found, written in his own hand, in which he declared that he would take his own life because he could not be with a prostitute with whom he had fallen in love. He had spent three passionate nights with her and had gifted her the bulk of his belongings.

Wagenaer had the island searched, but Remeij could not be found and it was therefore necessary to inform the governors of Nagasaki of the situation. They gave orders for another search to be conducted, which the Dutch did, Wagenaer detailing that they carried it out on all fours, searching in every nook and cranny. In addition, the bay was trawled with nets. When Remeij was still not found, the governors sent interpreters to note down his physical features, profession, name, age, place of birth, a brief sketch of his life, and – significantly – his faith.

The following day, the homes of all prostitutes, as well as of Japanese citizens, were searched, the governors insisting that they would not rest until Remeij was found, be that dead or alive. These actions indicate that they feared he was a Jesuit missionary, come to infiltrate the country.

However, at around 9 pm on the third day there was great relief and cheering (particularly by the Japanese guards who had been on duty when he escaped) as Remeij was brought to Wagenaer with his hands tied. Having already confessed to the governors, he now did so to his *Opperhoofd*, explaining that he had jumped over the island's palisade and, it being low tide, had managed to reach the other side of the bay and hide in a Chinese boat - seemingly having given up his plan of suicide. There he remained for three days and two nights, Wagenaer surmising that the young man had been afraid of returning because he would be in trouble for squandering all of his belongings. In the end it was only hunger that caused him to emerge from his hiding place. Remeij was locked in a warehouse and the following day he was sent back to Tayouan in irons. - Dr K. Jennings.

A note on references: Wagenaer's *Deshima dagregister* for 1659 can be found online through the Dutch National Archive: 1.04.21 -72. I am also grateful to Leonard Blussé and Cynthia Viallé for kindly sharing their English translations of the *Deshima* diaries from 1641-1660 with me. While they have previously published summaries of the contents of the diaries, these complete translations are forthcoming from Brill Publishers in Leiden. Arnoldus Montanus also relates the incident in his *Gedenkwaardige Gesantschappen der Oost-Indische Maetschappy in 't Vereenigde Nederland, aen de Kaisaren van Japan* under the subheading "Merkwaardige voorval van Martijn Remei" (Amsterdam, 1669: 402-3).

Die 'Dadelboom masjied'

Dit sal waarskynlik moontlik wees om vas te stel vir watter oortreding Jan van Boegies (sy Kaapse naam) deur die VOC gevonniss is om uit Bougis in Indonesië as 'n slaaf Kaap toe verban te word. Toe hy in 1811 sy eerste testament laat opstel, was hy reeds 'n vry man, vry gekoop deur die vrye vrou Salia (sonder toenaam.) Dit is nie bekend watter verhouding destyds tussen hulle bestaan het nie. Sy enigste erfgenaam in die testament was die vrye vrou Samida van die Kaap. (Die presiese verhouding tussen hulle word nie genoem nie.) In 1854, na Jan van Boegies se dood, laat Samida as Jan se weduwee haar eie testament maak, waarin sy die erf en woning by Langstraat 106, Kaapstad, wat vir 'n reeks van jare deur die Mohammedaanse priester Jan van Boegies 'de eerste stigter dier gemeente in deze volksplanting,' as 'n Mohammedaanse kerk gebruik is, en wat algemeen bekend staan as 'De kerk van Jan van Boegies,' bemaak aan ses persone (hul name word genoem; twee kom van Bougis, twee van die Kaap, een van Pondichery en een van 'Stokbro' (?), 'ouderlingen en diakenen' van die gemeente en daarna aan hul

opvolgers. Die eiendom mag nooit verkoop, verpand of verbou word nie. Volgens *Wikipedia* [‘Palm Tree Mosque’] dateer die gebou uit 1788; Jan het dit in 1807 gekoop. Hy is in 1846 op die ouderdom van 112 jaar oorlede. As priester moes Jan van Bougis hoofstukke van *Al Qur’an* uit sy kop resiteer; hy kon ook ten minste sy testament onderteken in die Bouginese taal. Al bogenoemde mense was - soos ons - kinders van die VOC.

Dié woning word steeds as *masjied* (daarom die naam ‘huismasjied’) gebruik, en kan maklik herken word aan twee palmbome (een is ’n jong plaasvervanger) op die sypaadjie voor die huis, van daar die naam ‘*Dadelboom masjied*.’ Dit is nie die oudste *masjied* in Kaapstad nie; die oudste is die Auwal *masjied* bo in Dorpstraat, gestig deur Tuan Guru. [MOOC 7/1/251-72: Testament van Jan van Bougis. WKARD ; J.Muir: *Walking Cape Town*. Cape Town, 2013. pp.43, 60.]

Skeepsdiens in Tafelbaai: Dag Een

In die vorige uitgawe van *Generale Missive* (GenMis 1/20) het ek enigsins gespekuleer oor die praktiese moontlikheid en die waarskynlikheid van geleenthede vir mondelinge kontak tussen VOC- personeel en Kaapse Koina in Tafelbaai tydens skeepsbesoeke gedurende die tydperk 1602 -1652, wat dit vir laasgenoemde groep sou moontlik maak om Nederlands aan te leer, iets wat volgens Prof. MCJ van Rensburg se teorie tot die ontstaan van die Afrikaanse taal gelei het. En by Tafelberg Uitgewers het daar verlede jaar ’n boek (PT Mellet: *The Lie of 1652*) verskyn waarin selfs, onder meer, beweer word dat Autshomao, leier van die Goringhaicona die hawemeester, skeepsvoorsiener (‘*ships’ chandler*’) en stuwadoor was van ’n hawe in Tafelbaai lank vóór Van Riebeeck se koms (Mellet, p.130, sonder bronverwysing) en dat die Goringhaicona-versamelaars ’n groep handelaars was wat skeepsbediening bedryf het (‘*a community of traders who founded the port of Cape Town*’) (Mellet, pp.108,119, sonder bronverwysing.)

Watter (indien enige) van bogenoemde situasies het Van Riebeeck by sy aankoms hier aangetref? Oordeel self. Op Sondag, 7 April 1652 gaan *Drommedaris* se skipper Coninck in ’n sloep met ses roeiers en ses soldate in Tafelbaai aan wal om groente (eetbare plante) te versamel, na briewe te soek en vis te vang. Tussen die briewe wat hulle terug bring is een van Jan van Teijlingen, kommandeur van die jaarlikse retoervloot, wat in Februarie uit dieselfde baai vertrek het na Nederland toe. Van Teijlingen is in onweer oos van Kaap Agulhas van sy vloot van agt skepe (*Prins Willem, Vogelstruijs, Vrede, Orangien, Salamander, Koning David, Lastdrager* en *Breda*) geskei, en het op 15 Februarie met sy vlagskip *Diamant* alleen in Tafelbaai gekom, waar hy twee uitvarende skepe *Nieuw Rotterdam* en *Henrietta Louise* aangetref het, en het besluit om daar op sy agt agtergeblewe retoerskepe gewag. Na elf dae het hy vermoed dat sy vloot moontlik die Kaap verby geloop het, en by St Helena-eiland op hom wag. Gedurende dié elf dae kon hy net een bees en een skaap van die plaaslike inboorlinge kry. Op 26 Februarie het hy St Helena toe vertrek en is *Nieuw Rotterdam* en *Henrietta Louise* ook voort, Batavia toe.

Van Riebeeck en ander het nog dieselfde namiddag (7 April) aan wal gegaan om te kyk waar hulle die Fort kan bou. Met een van die roeibote het twee inboorlinge aan boord gekom, waaronder ‘*een die wat Engels sprack*’ (een wat ’n bietjie Engels praat - dit was Autshomao.) Hulle word kos en drank aangebied, en gee deur middel van tekens en gebroke Engels te kenne dat daar van hulle geen vee te kry is nie, omdat ‘*sij maer vissers waren*’ (Bosman en Thom, p. 24.).

Dus, geen enkele spoor hier van oer-Afrikaans in die gesprek, en ook geen enkele teken van skeepsvoorsiening deur ’n ‘*community of traders*’ nie. Die Goringhaicona was maar vissers. Daardie dag het die voor-Van Riebeeck of ‘posklip periode’ tot ’n einde gekom, en het Van Riebeeck se ontugtering met verwagtings geskep deur Jansz en Proot se *Remonstrantie* en sy lang gesukkel om die VOC se skepe te bedien, begin. Dié stryd is breedvoerig beskryf in die


dagregister en ander tydgenootlike dokumente. [DB Bosman en HB Thom (reds.): *Dagregister gehoude by den Oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck, deel I*, Kaapstad, 1652, pp.20-24.]

Nuwe boeke



Foto's: Jean Sleigh

Uitnodiging na die begrafnis van die Kaapsgebore Goewerneur-generaal Abraham van Riebeeck, seun van Jan van Riebeeck en Marie de la Quellerie, in 1713. 'Als vriend' dui die plek in die stoet aan, amper heel agter en net voor die junior amptenare. Let op dat daar soos gebruiklik geen kerkdienste was nie. Die VOC het van 1668 af sy eie drukpers in Kasteel Batavia bedryf.



By SASNEV se biblioteek is twee wonderlike nuwe (?) VOC-aanwinste; albei is gehawend en wys hul hoë ouderdom. Hopelik kan hierdie waardevolle en nuttige boeke behoorlik herbind en op die rak geplaas word.

Die eerste is deur NP van den Berg: *Uit de dagen der Compagnie*. HD Tjeenk Willink & Zoon, Haarlem, 1904. (419 bl.) Die skrywer was voorsitter van die Bataviasch Genootschap van Wetenschappen en Kunsten. Dit is 'n bundel van tien opstelle oor besonder interessante onderwerpe, versamel uit die Bataviase Argief en dus so goed as onbekend aan die Kaap. In een hoofstuk word die geskiedenis van die vulkaan Krakatau byvoorbeeld ondersoek. Johan Vogel, 'n Duitse mynwerker by Silida in Wes-Sumtara noem in sy reisjoernaal ('*Journal einer reise...*', Frankfurt, 1690) dat hy in Mei 1680 op weg na Batavia die eiland Krakatau nog groen en dig bebos gesien het, en toe hy 'n maand later na Sumatra terugkeer was dit kaal, swart en verbrand, na 'n geweldige uitbarsting. Ander reisigers het gou dié inligting uit Vogel oorgeskryf. Maar in geen dagregister of brief uit enige van die Kompanjie se kantore in die omgewing van Krakatau is daar melding van 'n uitbarsting nie. Die Duitse soldaat Johann Wurffbain se reisjoernaal ('*Vierzehen jährige Krieg ...und Dienste...*') word ook bespreek; hy het vyf jaar lank (1633-1638) op Banda gedien, en vertel onder andere van die talle teregstellings wat in dié kort tydperk uitgevoer is, 2 lewend verbrand, 9 gehang, 9 onthoof, 3 verwurg, 1 geradbraak, 1 geharkebuseer. Daar is 'n hoofstuk oor die konflik tussen die Bataviase Raad van Justisie en Kommissaris-Generaal Nederburgh in 1795 (die raad het om etiese redes geweier om sy gesag oor hulle te erken) en 'n hoofstuk oor die sosiale omwenteling in Batavia in Desember 1795, na ontvangs van nuus oor die Franse inval in Nederland, die vlug van die Stadhouer, die oprigting van die Bataafse Republiek (met die on-VOC leuse van '*Vryheid, Gelykheid en Broederskap*' – dink aan

die duisende soldate, matrose en slawe in sy diens) en ook die Britse oorname van die Kaap (dit was toe al bekend dat dit deur verraad gebeur het.) Die Ou Orde was verby.

Die tweede aanwysing is deur MA van Rhede van der Kloot: *De Gouverneurs-Generaal en Commissarissen-Generaal van Nederlandsch-Indië, 1610-1888*, WP van Stockum & Zoon, 's Gravenhage, 1891. 355 bl., alfabetiese register, kleurplate. Ons stel veral in die VOC-tydperk 1602-1795 belang, maar die hele boek is interessant en besonder nuttig as 'n naslaanbron. Dit bevat 'n oorsig van die VOC se aktiwiteite in die Ooste tot 1795, en daarna dié van die Nederlandse Ryk. Van elke goewerneur-generaal en kommissaris-generaal is daar 'n biografie met inligting oor sy herkoms, opvoeding, diens en bevordering, dekorasies, huwelik(-e) en nageslag, sowel as 'n lys van belangrike gebeure tydens sy regering wat insluit, handel, seevaart, die oorloë teen Portugal, Spanje, Engeland en inlandse vorste, opstande, bouwerke, aardbewings, vulkane en siekte-epidemies. Daar is ook 'n aantal interessante bylaes, dokumente oor byvoorbeeld die (foutiewe) heraldiese samestelling van Batavia se stadswapen, Jan Pietersz Coen se boedelinventaris, 'n uitnodiging na Abraham van Riebeeck se begrafnis, die volledige programme van Van Riemsdyk se 'statige intrede' en die nog meer statige 'uitvaart'(begrafnis) van De Klerk.

Jan Malan: *Die stranding van die VOC-skip Schoonenberg, Struisbaai 1722.* Africana

Uitgewers, 2017. 160 pp, voetnotas, illustrasies. ISBN: 978-06399111-1-3.

'*Ek bly op die skip so lank daar nog hout bo water is!*' Dit was die uitdagende woorde van skipper Albertus van Soest nadat die swaargelaaide VOC-skip *Schoonenberg* voor ligdag op 20 November 1722 by Struisbaai op die rotse geloop het. Sy bemanning het hom geïgnoreer en holderstebolder na die land gevlug. Alle brondokumente rakende die voorval wat in die Kaapse Argief beskikbaar is, is nou vir die eerste keer noukeurig nagegaan om die volle, boeiende verhaal van die stranding en wedervaringe van die skipbreukelinge aan die leser beskikbaar te stel. Die leser leer die skipper en sy bemanning ken, maar word ook aan onder andere goewerneur Mauritz de Chavonnes en sy amptenary voorgestel, asook die Here XVII in Nederland. Hendrik Klopper van Uilenkraal; Jacques Malan, stamvader van Suid-Afrika se Malans en wynboer van Morgenster, en sy buurman op Vergelegen, Jacob van der Heijden, word ook vermeld. Die leser lees oor hoe gerugte gedurende die twintigste eeu oor 'n skat in Vergelegen se wingerde, nuwe momentum gekry het deur die romantiese *Schoonenberg*-verdigings van 'n verborge skat, intrige, moord en vergelding en hoe dit byna die historiese waarheid verdring het. Ten slotte word vertel hoe wrakduikers in die troebel waters van Northumberlandpunt by Struisbaai, toevallig op oorblyfsels van 'n wrak uit die VOC-tyd afgekom het. Met inagneming van historiese aanduidings van die strandplek, kon dit net met een skip verbind word, naamlik die *Schoonenberg*. Die aard en ontstaan van legendes word weldeurdag ondersoek en ten slotte ook die ontdekking van die wrak in 1985 en die artefakte wat gevind is. Elke feit word goed ondersteun deur voetnote en bronaanwysings. Die skrywer het werklik moeite gedoen om inligting te bekom en seker te maak dat dit korrek is. Die verhaal oor die *Schoonenberg* is boeiend. Die boek bevat ook interessante illustrasies. Daar is nog meer as 100 strandings in daardie gebied wat ondersoek moet word – dus 'n uitdaging vir historici en kultuurhistorici om skouer aan die wiel te sit. - Leonie Marais: *S.A.Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol.34, Julie 2020, p.136.

Behouwe vaert / Selamat jalan / Go well

D. Sleigh (Dr): Redakteur

Jean Sleigh: Tegnies

8 Julie 2021